Rotsgemeente, AGS Brackenfell
h/v Lelie- & Dahliastraat
Proteahoogte, Brackenfell, 7560
Tel: 021 981 0200
E-pos: admin@rocksolid.org.za

13 Desember 2021

Beste Rotsvriende,

Graag groet ek elkeen met die besonderse woorde van Jesaja 9 vers 5: **"Daar is vir ons 'n Kind gebore! Dit is 'n Seun wat aan ons gegee is! Hy sal oor ons regeer en sy koninklike titels sal wees: Spesiale Raadsman, God wat sterk is, Ewige Vader, Koning van Vrede**."



Vriende ons staan op die einde van 2021, daar is min van ons wat die jaar sou wou oorhê. Sommige dae het die son geskyn en ander dae was dit donker. Kers-lig-tyd het die vermoë om ons gedagtes opnuut op God se Lig te laat fokus. *Dirkie Smit sê: "Dit is goed dat ons met Kersfees so baie lig om ons sien. In strate en winkels, in huise en tuine, op bome en geboue, op televisie, oral. Versierings wat skitter, liggies wat flikker, kerse wat brand. Dit is goed want dit adem die atmosfeer van Advent. Dit help skep die stemming van Kersfees. Met* ***Kersfees is daar lig in die lug****. Die kind wat gebore is, is immers die lig van die wêreld, die Son van geregtigheid, die Morester, die Lig vir hulle wat in duisternis woon. Advent is 'n tyd vir lig, nie net om ons nie, maar diep in ons, juis as die donker ons oorweldig."*

Al word Christus 'n duisendmaal in Betlehem gebore, maar nie in jou hart nie, bly jy verlore.

- Angelus Silesius -

Ons moenie kerstyd verwar met 'n heidensefees nie, want daar is soveel beskrywende beloftes van God wat vir ons gebore word juis om ons as verloregaande mensdom te kom red en te wederbaar. Die helder Bethlehemster skyn nog steeds vir elkeen wat Christus in sy hart toelaat. Vir baie mense gaan dit oor materialistiese geskenk, maar vir ons as christene gaan dit oor die geskenk van die ewige lewe wat ons ontvang.

Eers wanneer jy Christus aanneem en inneem begin jy die ware insig te kry van hoekom Hy raadsman is, Sterke God is, ewige vader is en Koning van vrede is. Hierdie is van die grootste en waardevolste geskenke wat jou lewe skatryk sal maak.

Vriende dankie aan elkeen wat soos dapper helde die jaar saam deur gestap het. Daar was ongelooflike mooi tye gewees en ek sien uit na 2022. Ek glo dit gaan ‘n jaar van dubbele porsies wees. Dubbele seën op jou lewe, jou huwelik, jou familie en op jou finansies.

Namens my en my gesin mag julle ‘n geseënde Christusfees beleef.

Nols Fuchs

Geloofsbelofte-maand: Ons vertrou dat die Here jou bydrae oorvloedig sal vermenigvuldig. Ons maak staat op jou ondersteuning gedurende Desembermaand.

Rotsgemeente, Brackenfell | ABSA Brackenfell | Rek.no.: 01 0005 41261